'n Toonbeeld van netheid en korrekte uitrusting. Die skrywer se dogter Tonine op De Ruyter Brigadier

My kind moet gaan skou – wat nou?

deur **Christien van Rensburg**

Vir menige ouer is dit 'n benoude gevoel as jou kind aankondig dat hy of sy aan 'n skou gaan deelneem. Wat staan ons te doen, en belangriker, wat gaan dit my uit die sak jaag?

Ja, dit kan nogal 'n lywige en duur storie raak, maar moenie moed verloor nie. Naweke gaan nou vol raak van voorbereidings en skoue (niks meer rugby kyk vir jou nie!). Jou kind geniet dit vreeslik en leer sommer baie lewensvaardighede in die proses: verantwoordelikheid, dissipline, streshantering, sportmanskap, teleurstelling en vreugde. Maar, waar begin ons?

Hier is 'n paar wenke:

Bespreek die saak met die afrigter. Maak seker julle verstaan waarvoor julle inskryf en wat van julle verwag word. Elke dissipline het sy eie vereistes. Kry die inskrywingsvorm in die hande by die afrigter, by die plaaslike perdesportwinkel of op die internet. Vul dit volledig in en betaal tog voor die sluitingsdatum. Laat inskrywings is vir die organiseerders 'n reuse frustrasie en meeste aanvaar dit glad nie.

Maak seker julle weet presies waar die skou gehou word. Reël vroegtydig vir die vervoer van die perd. Huur 'n perdesleepwa by jou naaste Venter- of Rent-a-Trailer-agenstskap, of nog beter, doen by jou perdewinkel navraag. Hulle het gewoonlik 'n rits nommers van privaateienaars wat hul sleepwaens verhuur. Pryse is gewoonlik tussen R220 tot R250 per dag.

Besoek jou perdewinkel en sê aan hulle presies waaraan julle gaan deelneem. Hulle sal dan kan help met die regte keuse van uitrusting. Basiese riglyne is:

'n Perdryhoed (koste wissel van R300 tot R3 000):

Maak tog seker jou kind ry met 'n hoed waarop ten minste die basiese veiligheids-vereistenommer EN1384 binne-in aangedui is. Baie ouers laat onwetend toe dat hul kinders met dun swart doppies ry wat aan geen veiligheidsvereistes voldoen nie en dus minimale beskerming bied. Hulle lyk miskien mooi, maar laat die kop sweet!

Kameelkleurige rybroek (Koste tussen R125 en R250):

Met hierdie broek kan jou kind aan enige dissipline deelneem.

Kort perdrystewels (R150 tot R350):

Kinder bo 14 jaar mag ook met blinkleer-kamaste (*Gaiters*) ry, dit is egter nie verpligtend nie. Bo 18 jaar word daar van jou verwag om met kamaste of dan lang stewels te ry.

'n Skouhempie (R130):

Vir meisies is dit gewoonlik 'n wit hempie met Chinese kragie. Dit is reg vir dressuur en spring. 'n Kraaghemp met effekleurige das word vir skouklasse verkies. Vir dressuur- en skouklasse word baadjies vereis. Hoor by jou perdewinkel of hulle nie baadjies uithuur nie. Kinders groei onder die baadjie uit en dit is 'n duur item om net vir twee of drie skoue te koop. Die koste is tussen R500 en R9 000.

Handskoene (R25 tot R250):

Koop 'n paar netjiese handskoene vir skou en kompetisies. Laat hulle die ander wat hulle reeds het vir elke dag se ry gebruik.

Haarnet (R14 tot R20):

Dogters met effe lank of lang hare moet 'n haarnet dra (seuns met lang hare ook).

Peitse:

Die dissipline waarvoor jy inskryf sal bepaal met watter peits jy mag ry. Maak seker jy koop die regte een.

Dis dan die uitrusting vir die ruiter. Volgende keer kyk ons wat die perd alles nodig het.

(Christien van Rensburg is die eienaar van die perdewinkel De Ruÿter in Pretoria. Skakel haar by 012 807 1931.) SAH